

NAR se Koninkryk Nou visie

“NAR represents the most radical change in the way of doing church since the Protestant Reformation” – C.Peter Wagoner –
<http://thewartburgwatch.com/2014/11/21/what-is-the-new-apostolic-reformation-nar>.

Die voorstanders van die **Nuwe Apostoliese Reformasie (New Apostolic Reformation (NAR))** glo dat God die kerk deur ’n nuwe generasie profete en apostels wil bemagtig om die burgerlike strukture en institusies van gemeenskappe oor te neem en om sodoende die wêreld te verander sodat Christus kan terugkeer. Hulle glo dat die Kerk ’n mandaat het om dit wat Adam en Eva met die sondeval verloor het, terug te win. Die denkrigting agter hierdie visie staan in Engels onder andere as “Dominionism” of “Restorationism” bekend. Meer onlangs word dit gepropageer as die “Seven Mountains Mandate.” Hulle redeneer dat die transformasie van die wêreld slegs kan plaasvind as Christene die gesag van instansies waarop die gemeenskap gebou is, oorneem. Die “Seven Mountains” waarvoor die kerk beheer moet neem, is:

1. Die regering
2. Die onderwys
3. Godsdienst
4. Families
5. Besigheid
6. Kultuur/kuns/vermaak
7. Die media

Bill Johnson van Redding California se weergawe van die Heers-teologie word opgesom in die titel van een van sy boeke, *When Heaven Invades Earth*. Hy glo dat ’n elite groep Christene, ’n “Elijah generation,” die weg vir die wederkoms van Christus sal voor berei.

“ We will carry the Elijah anointing in preparing for the return of the Lord in the same way that John the Baptist carried the Elijah anointing and prepared the people for the coming of the Lord” (Johnson, p.184).

Die Koninkryk Nou teologie (“Dominionism”) word gebaseer op die feit dat hulle glo dat wat Adam en Eva deur die sondeval verloor het, deur die kerk teruggewin moet word en dat Jesus nie sal terugkom voordat dit plaasgevind het nie. Om die heerskappy van die kerk op aarde te vestig is, soos sommige dit interpreteer, wat bedoel word met die petisie in die Onse Vader: “...laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so op die aarde...” Hierdie teologie word geïllustreer deur die woorde “Heaven on earth” wat in groot letters op die mure van sommige kerkgroepe se geboue aangebring is.

’n Foutiewe interpretasie van die rentmeesterskap mandaat wat God in **Genesis 1:28** aan die mens opdra, vorm die grondslag van wat in Koninkryk Nou kringe verkondig word:

“En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.”

Deur hierdie mandaat plaas God die verantwoordelikheid op die mens om as rentmeesters en nie as oorheersende regeerders nie, oor die skepping toesig te hou en dit volgens goddelike beginsels te bestuur. Die visie om 'n sigbare heerskappy van die kerk hier op aarde te vestig, verskil radikaal van dit wat Jesus verkondig het:

“Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie” (Joh. 18:36).

Die invloed van die Koninkryk Nou Teologie

Die invloed van hierdie teologie kom wydverspreid, in mindere of meerdere mate, onder baie kerke voor. Die volgende is sommige van die onskriftuurlike leerstellings wat onder die invloed van “Dominionism” verkondig word:

1. Die beklemtoning van die waarde van subjektiewe openbaringe

Om sommige van die onskriftuurlike leerstellings wat hulle verkondig te regverdig, verklaar hulle dat hulle dit direk van God ontvang het. Een van die moderne apostels van die Nuwe Apostoliese Hervorming (NAR) verklaar:

“The rhema is regarded as a more immediate word from God which we do not find in the 66 books of the Bible” (Engaging the Enemy, C. Peter Wagner. (Ventura, CA: Regal Books, 1991, pp.15-16).

2 Timoteus 3:16 wat verklaar dat die hele Skrif deur God ingegee en nuttig is tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding en tot onderwysing, sodat die mens van God volkome toegerus, kan wees, word heeltemal geïgnoreer. Paulus se waarskuwing om nie te dink bo wat geskrywe is nie, word ook nie as maatstaf gebruik nie (**1 Kor. 4:6**).

2. Die idee dat die woorde wat jy spreek kreatiewe krag het

Ons hoor dikwels van hoe mense vrede en voorspoed oor lewens “spreek.” Ander word weer van probleme, “vrygespreek.” Kenneth Copeland, een van die leidende figure in die Woord van Geloof beweging, doen dieselfde en “spreek” die volgende uit oor die Corona Virus:

“Standing in the office of the prophet of God, I execute judgement on Covid19...I execute judgement on you Satan....it is finished over America, sayeth the Mighty Spirit...” <https://www.youtube.com/watch?v=OSIrQBGfUtw>.

Op dieselfde trant “spreek” iemand die volgende oor die Corona virus op whatsapp uit:

“Ek vervloek jou...ek spreek dood uit oor jou...krimp weg en sterf...ek beveel jou...”

Daar word foutiewelik geredeneer dat omdat God in Genesis dinge met woorde geskape het, woorde krag moet hê. Wat nie in aanmerking geneem word nie is die feit dat God nie

dinge kon skape omdat woorde krag het nie, Hy kon dinge deur woorde skape omdat Hy krag het!

Wat van **Spreuke 18:21** wat verklaar dat daar lewe en dood in die mag van die tong is? Die konteks verduidelik wat hierdie skrifgedeelte eintlik beteken – woorde druk jou gesindheid teenoor die lewe en teenoor dinge uit en dit kan 'n positiewe of 'n negatiewe invloed op die mense om jou hê. **Spreuke 17:22** verduidelik:

“ 'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog.”

Wanneer Jakobus van die tong praat as 'n “onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif,” bedoel hy dat die woorde van 'n kwaadwillige mens ernstige negatiewe gevolge kan hê (**Jak. 3:8-9**). Ons woorde het nie skeppende krag nie, ons woorde kan net invloed uitoefen; figuurlik gesproke kan hulle “lewe” of “dood” veroorsaak..

Wat ook in aanmerking geneem moet word is die feit dat sekere siekte toestande veroorsaak kan word deur chemiese stowwe wat in die liggaam vrygestel word as gevolg van 'n persoon se kroniese, verbitterde ingesteldheid.

Die “lewe” en “dood” waarvan in **Spreuke 18:21** gepraat word, kan moontlik ook na die gesag van 'n koning in Bybelse tyd verwys; hy kon iemand wat hom kwaad maak met 'n woord tot die dood veroordeel:

“Die koning wek net soveel vrees as die brul van 'n leeu: as jy die koning kwaad maak, is jou lewe in gevaar” (Spr. 20:2).

Woorde het nie skeppende krag nie; woorde kan net invloed uitoefen.

3. Die idee dat Satan en sy demone gebind kan word

Daar word dikwels gehoor hoe demone van misdad, moord, korrupsie en geweld gebind word. As dit waar was, sou utopiese toestande geheers het. Die realiteit wys egter dat toestande in ons land en in die wêreld vererger. Dit stem ooreenstem met wat in die Woord voorspel word:

“ Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word” (2 Tim. 3:13).

Die Bybel verklaar dat net God Satan kan bind en dat Hy dit eers aan die einde van die eintyd gaan doen. In tussen laat Hy Satan toe om die god van hierdie wêreld te wees (**2 Kor. 4:4, 1 Joh. 5:19, Open. 20**).

Maar word daar in **Matteus 18:18** nie gesê dat demone gebind kan word nie? Hier sien ons hoe sekere vertalings aanleiding kan gee tot verkeerde afleidings. Die *Amplified Bible* vertolking van hierdie vers gee meer duidelikheid:

“Truly, I tell you, whatever you forbid and declare to be improper and unlawful on earth must be what is already forbidden in heaven, and whatever you permit and declare proper and lawful on earth must already be permitted in heaven”.

Die konteks maak dit duidelik dat hierdie gedeelte niks te doen het met die bind van demone nie, maar dat dit voorskryf hoe geskille in die gemeente gehanteer moet word – dit moet volgens goddelike beginsels geskied (**Matt. 18:15-20**).

Wat van die gelykenis van die bind van die sterk man in **Matteus 12:22-29**?

’n Belangrike beginsel van Bybeluitleg is dat doktrine nie op gelykenisse alleen gebou kan word nie – hulle kan net waarhede wat op ander plekke in die Skrif verskyn, bevestig en illustreer. So kan daar byvoorbeeld gedwaal word as die olie in die lampe van die Tien Maagde as die Heilige Gees geïnterpreteer word. As dit wel gedoen word, kan die afleiding gemaak word dat Hy kan opraak, maar dat ’n mens Hom weer kan aanvul deur Hom iewers te gaan koop! (**Matt. 25:1-13**). Die doel van ’n gelykenis is om ’n sentrale waarheid te illustreer en te beklemtoon. Die sentrale boodskap van die Tien Maagde word in vers 13 beklemtoon: wees waaksaam en gereed, want niemand weet wanneer die Seun van die Mens kom nie!

Die waarheid wat Jesus met die gelykenis van die bind van die sterk man in **Matteus 12:22-29** wil tuis bring is dat Hy sterker is as Satan. Nêrens in die konteks word daar enige voorskrif gegee van hoe gelowiges demone moet bind nie.

As daar geglo word dat die Satan en demone gebind kan word, moet die volgende oorweeg word: Hoekom het Jesus, toe Hy deur Satan in die woestyn versoek was, Satan nie net gebind nie. Ook, hoekom, in plaas daarvan om gelowiges te leer hoe om Satan te bind, word hulle deur Petrus en Jakobus beveel om hom te weerstaan deur hulle aan God te onderwerp:

*“Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. **Hom moet julle teëstaan**, standvastig in die geloof...” (1 Pet. 5:8-9, my beklemtoning).*

“Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug” (Jak. 4:7).

As Jesus, soos baie glo, regtig die duiwel (die sterk man) in **Matteus 12:24-29** gebind het, hoe het hy losgekóm om weer op ’n latere stadium Petrus te beïnvloed om God se plan met Jesus te probeer dwarsboom? (**Matt.16:23**). Satan was ook vry om Judas te beïnvloed om Jesus te verraai (**Luk. 22:3**). Hoekom het Jesus, in plaas daarvan om hulle te bind, die demone wat Hy uit twee besetenes uitgedryf het, toegelaat om in ’n trop varke in te vaar? (**Matt. 8:30-31**)? Daar kan nie een enkele voorbeeld in die Nuwe Testament gevind word wat beskryf hoe Satan of demone gebind word nie! – in elke geval word hulle uitgedryf! (**Matt. 8:16, 8:31, 9:33, 10:8, 12:24-27, 17:18-19, Mark 1:25, 1:34,39, 3:11-12,3:15.....**). Omdat demone nie gebind kan word nie, waarsku Jesus dat as ’n huis skoongemaak is en nie gevul word nie, die demone, as hulle terugkom en die huis leeg vind, weer saam met ander sal intrek (**Luk. 11:24-26**).

Dit is ook insiggewend dat in **Efesiërs 6:10** waar die wapenrusting van God genoem word, daar geen melding gemaak word van hoe duiwels gebind moet word nie.

Het ons ’n mandaat om mag oor die duiwel te hê?

Sien **Judas 1:9**:

“Maar toe Mígaël, die aartsengel, met die duiwel in woordstryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou!”

In plaas daarvan om te beklemtoon dat die mens se sondige natuur Satan se grootste bondgenoot is en dat sonde die wortel is van baie probleme, word die skuld verplaas en word die bose geblameer. Die Skrif verklaar dat die sondaar tot bekering moet kom, sy skuld moet bely en volle verantwoordelikheid vir sy eie sonde aanvaar.

4. Die neerwerp van vestings

Wat, volgens die Bybel, is 'n "vesting?"

Daar word geglo dat deur intersessie, die vestings van demone wat oor 'n sekere gebied invloed uitoefen, by name geïdentifiseer en gebind en neergewerp kan word. Daar word ook geglo dat 'n demonstrasie van mag aan bose magte gegee word as Christene van alle denominasies in groot getalle in byeenkomste bymekaar kom. Die oorwinning wat op hierdie manier verkry word is dan veronderstel om Christene in staat te stel om dorpe en stede vir Jesus oor te neem. Soms word die oorwinning wat glo deur hierdie mistieke manier van geestelike oorlogvoering behaal is, gevier deur die hou van 'n "victory march" deur die strate van 'n spesifieke dorp of 'n stad.

Is wat gedoen word Skriftuurlik? Is dit effektief en is daar enige geestelike krag in?

Die hele idee van geestelike kartering en die neerwerp van demoniese vestings, word gebaseer op foutiewe Bybeluitleg en interpretasie. Die enigste plek in die Nuwe Testament waar daar van 'n vesting gepraat word, verwys die konteks na leuens wat in die koppe van mense gevestig word (**2 Kor. 10:4**).

Wat bedoel Paulus as hy van 'n vesting praat?

Skrif moet Skrif verduidelik. 'n Vesting kan nie na demone verwys nie, want in die hele konteks van Korintiërs hoofstuk twee word daar nêrens na hulle verwys nie. Paulus definieer "vestings" as **argumente, planne en gedagtes wat teen die kennis van God se waarheid gevorm word (2 Kor. 10:4-5)**. Die Amplified Bible stel dit mooi as *"arguments", "theories", "reasonings" and "thoughts" ...that sets itself up against the true knowledge of God.* Ons lei dus van die konteks af dat as Paulus van die neerwerp van vestings praat, hy verwys na die korrigering van idees wat nie in lyn is met Bybelse waarheid nie. Wanneer mense leuens en verkeerde doktrines glo, laat hulle toe dat 'n "vesting" van misleiding in hulle koppe gevorm word.

*"...want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons **planne verbreek** en elke skans wat opgewerp word **teen die kennis van God**, en **elke gedagte** gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus..." (2 Kor. 10:4-5, my beklemtoning).*

Watter wapen gebruik Paulus om hierdie "vestings" in die denke van mense neer te werp?

Paulus gebruik *"die swaard van die Gees – dit is die Woord van God"* (**Ef. 6:17**). Deur die waarheid van God se Woord te verkondig, staan hy onbybelse filosofieë, argumente en teorieë in die koppe van mense teë. Sommige is van mening dat die denke van die mens,

omdat dit in 'n gevalle toestand verkeer, as dit by geestelike dinge kom, glad nie in aanmerking geneem moet word nie. Die apostels het anders gedink. Hulle verkondiging van die evangelie was didakties van aard, soos die volgende woorde wat in Handelingen gebruik word illustreer: **didasko** (om te leer deur oortuiging, **Hand.19:9**), **sunécheon** (om te oorbluf of te oortuig, **Hand.9:22**), **dialegomai** (om te redeneer, te argumenteer, **Hand.17:2**), **diakatelégchomai** (om in argumentering te weerlê, **Hand.18:28**), **peitho** (om te oorreed en te oortuig, **Hand.19:9**). Ons lees dat as gevolg van hierdie didaktiese tipe prediking is mense deur die apostels oortuig om te glo (**Hand.17:4, 18:4, 19:8, 19:26, 28:23, 28:24**). Deur die verkondiging van Goddelike waarheid het hulle dit ten doel gehad om die vestings van ongeloof en wanbegrip in die denke van hulle hoorders af te breek. Hierdie manier van geestelike oorlogsvoering word bevestig deur wat Paulus in Efese gedoen het - vyf uur, twee jaar lank het hy die Woord van die Here in die saal van Tiranus verkondig (**Hand. 19:9-10**, Amplified Bybel). 'n Verdere bewys dat hulle prediking baie intellektuele inhoud bevat het, is die feit dat daar dikwels na bekering verwys word as 'n aanvaarding van waarheid:

“Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring” (2 Tim.2:25), “Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het...” (1 Pet.1:22), “...en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak” (Joh. 8:32).

Die **onkunde** aangaande die rol wat begrip van Bybelse waarheid in geestelike groei speel, word geïllustreer deur die woorde van bekende predikers wat die “Toronto Blessing” verdedig; om die snaakse manewales van onbeheerste gelaggery en geskreeuery, dieregeluide, omvallery en gerukkery te verduidelik, verklaar hulle: “God is offending our minds so that He can reach our hearts” (John Wimber, John Arnot). Dit is moeilik om te verstaan hoe mense aangemoedig kan word om hulle denke opsy te skuif sodat hulle “in die gees” dronk kan word om “meer van God te ervaar.” **Petrus se waarskuwing om verstandelik nugter en wakker te wees, moet vandag, as gevolg van soveel dwaling in die kerk, meer as ooit ernstig opgeneem word (1Pet. 1:13).**

Nuwe Testamentiese lering

Die Bybel leer ons dat ons wel in 'n stryd met bose magte gewikkel is (**Ef. 6:12**). **Aangesien die intellek die plek is waar kennis opgegaan word, is dit die plek waar die vyand sy misleidende gedagtes, filosofieë en argumente wil vestig.** Hulle kry dit ook reg en verblind die sinne van mense sodat hulle die waarheid van die evangelie nie kan raak sien nie (**2 Kor. 4:4**).

xxxxDan. 10

Hierdie gedeelte kan nie as 'n voorbeeld vir geestelike oorlogsvoering gebruik word nie. Die engel wat aan Daniël verskyn het, het geen aanduiding gegee dat die weerstand teen sy koms deur enige menslike handeling afgebreek is nie. Wat Daniël voor gebid het was om die visioen wat hy ontvang het, te verstaan, nie om enige geeste te bind of vestings in die lugruim te bind of te vernietig nie. Nêrens word daar verklaar dat Daniël die vorste moes aanspreek met: “Ek bind jou vors van Persië en werp jou vesting neer” nie. Nêrens in die Nuwe Testament lees ons ook dat voordat die apostels heidense stede soos Efese, Athene

of Rome kon binnegaan, hulle eers die sterkman van Artemis, die gees van Diana, of enige ander demoon moes bind nie.

Ware geestelike oorlogsvoering waarvan Paulus in **2 Korintiërs 10:3-5** praat is nie 'n stryd teen geeste in vestings in die lugruim nie, maar verwys na verkeerde idees wat in die koppe van mense verander moet word. Die Bybel noem die Satan nie verniet die vader van leuens nie en mense onder sy invloed word in **2 Korintiërs 4:4** beskryf as *"... ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie"* (My beklemtoning).

Die wapenrusting van God – Die Waarheid as Gordel

Aan die kerk wat die *"draer en beskermer van die waarheid"* moet wees (**1 Tim. 3:15**), word die swaard van die Gees, wat die Woord van God is, toevertrou en dit het *"groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek"* (**2 Tim. 3:16-17**).

Ware geestelike oorlogsvoering vind plaas wanneer die Woord van God biddend gebruik word om deur lering en prediking, valse gedagtepatrone in die koppe van mense reg te stel.

Geestelike oorlogsvoering is nie soseer 'n krag konfrontasie as wat dit 'n waarheidskonfrontasie is nie.

5. Om namens voorvaders belydenis van sonde te doen ("Identificational repentance")

In die Rekonsiliasie Beweging word daar geglo dat om namens vorige generasies belydenis van sonde te doen, versoening tussen groepe bewerkstellig kan word. Hoe prysenswaardig die motief ook al is, bly dit onskriftuurlik en geestelik sonder krag. Die Bybel is baie duidelik oor die feit sondaars verantwoordelik is vir eie skuld:

"Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie" (**Ezeg. 18:20**).

"Die vaders mag nie vir die kinders, en die kinders mag nie vir die vaders gedood word nie; elkeen moet vir sy eie sonde gedood word" (**Deut. 24:16**).

Bybelse vergifnis en restitusie is iets wat op 'n individuele vlak moet geskied (**Matt.6:14, Luk 6:37, 2 Kor.2:7**).

6. 2 Kron.7:14 – 'n Teks uit konteks

"As my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees".

Hierdie is gewoonlik die Skrifgedeelte wat as motivering aangehaal word wanneer daar vir die land gebid word. Om op grond van wat in **2 Kron.7:14** belowe word, te verklaar dat God ons land sal genees, is om mense met verkeerde skrifinterpretasie te mislei. In die konteks is dit die volk Israel wat aangespreek word en nie Suid-Afrika nie. Dié verbond tussen God en Israel is eksklusief en dit is verkeerd om dit op enige ander land van toepassing te maak. In

die dispensasie van die Nuwe Testament is die klem nie op nasies nie, maar op die bekering van die individu:

*“Want **ons burgerskap is in die hemele**, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus...” (Fil.3:20, my beklemtoning).*

*“ (hulle) het bely dat hulle **vreemdelinge en bywoners op aarde was**” (Heb.11:13, my beklemtoning).*

Slotsom

In teenstelling met die Koninkryk Nou propageerders wat verklaar dat hulle die aarde onder beheer moet kry sodat Jesus kan terugkom, verklaar die Skrif:

*“Ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking **waardeer Hy ook alles aan Homself kan onderwerp**” (Fil.3:20-21).*

*“ Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping wag met reikhalssende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God... Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe... ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam... Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, **dan wag ons daarop met volharding**” (Rom. 18-25, my beklemtoning).*

Die gevaar van "strategic-level spiritual warfare" is dat die aandag van gelowiges wat anders betrokke kon gewees om die liggaam van Christus met gesonde Bybelling op te bou, afgetrek word. Die valse ervaring van subjektiewe opgewondenheid kan tot ontnugtering lei wanneer onskriftuurlike verwagtinge aangaande die transformasie van die gemeenskap nie tot vervulling kom nie! Die klem wat op organisasie en beplanning geplaas word, kan ook die indruk skep dat die gebruik van die regte metodes nou die agent van saligheid geword het. Die Bybelse se strategie is nog steeds dat die individuele sonder volle verantwoordelikheid vir sy of haar sonde moet aanvaar, dit bely en tot bekering en geestelike wedergeboorte kom.

Nick Maartens

Jeffreysbaai

0827826074

E-mail: nickmaartens@hotmail.com

www.nickmaartens.co.za